

# ALGEMENE SKOUREËLS

## ONTOELAATBARE KRUISINSKRYWINGS IN VERTOONKLASSE

1. Dieselfde perd mag nie aan die Siertuig en Enkeltuig deelneem nie.
2. Dieselfde perd mag nie aan die Driegang en Vyfgang deelneem nie.
3. Stap / Draf perde mag nie aan Vyfgangklasse deelneem nie.
4. NM & S perde mag nie aan ander klasse in dieselfde afdeling behalwe die Kampionskappe deelneem nie. Hulle mag wel aan Ruiterkunsklasse en Tuigklasse deelneem.
5. 'n Junior perd mag nèt as junior of nèt as senior deelneem en mag kwalifiseer vir die Kampioenskappe.
6. 'n Kind mag op eie risiko aan sekere (\*\*) senior klasse deelneem en moet 'n senior klas kwalifiseer vir die Grootkampioenskap.

## KWALIFISERING VIR KAMPIOENSKAPPE

1. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Vyfgang Grootkampioenskap -
  - 1.1 Vyfgang 5jaar en ouer (\*\*)
  - 1.2 Dames Vyfgang vyf jaar en ouer
  - 1.3 Mans Vyfgang vyf jaar en ouer
  - 1.4 Vyfgang 4jaar oud (\*\*)
  - 1.5 Vyfgang Nuwelingsperd (\*\*)
2. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Enkeltuig Grootkampioenskap -
  - 2.1 Enkeltuig 5jaar en ouer (\*\*)
  - 2.2 Enkeltuig 4jaar oud (\*\*)
3. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Siertuig Grootkampioenskap –
  - 3.1 Siertuig 5jaar en ouer (\*\*)
  - 3.2 Dames Siertuig 5 jaar en ouer
  - 3.3 Mans Siertuig 5 jaar en ouer
  - 3.4 Siertuig 4jaar oud (\*\*)
  - 3.5 Kinder Siertuig – Vertoner 12jr en ouer
4. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Driegang Grootkampioenskap -
  - 4.1 Driegang 5 jaar en ouer (\*\*)
  - 4.2 Dames Driegang vyf jaar en ouer
  - 4.3 Mans Driegang vyf jaar en ouer
  - 4.4 Driegang 4 jaar oud (\*\*)
  - 4.5 Driegang Nuwelingsperd (\*\*)
  - 4.6 Driegang Natuurlike Maanhaar en Stert

# ALGEMENE SKOUREËLS

## KWALIFISERING VIR KAMPIOENSKAPPE

5. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Driegang Tienerryperd Kampioenskap -
  - 5.1 Driegang ryperd vertoon deur 'n ruiter 14jaar en jonger
  - 5.2 Driegang ryperd vertoon deur 'n ruiter 18jaar en jonger
  - 5.3 Driegang Natuurlike Maanhaar en Stert vertoon deur 'n ruiter 18jaar en jonger
  
6. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Vyfgang Tienerryperd Kampioenskap -
  - 6.1 Vyfgang ryperd deur 'n ruiter 18jaar en jonger

Daar word voorsien dat daar in die toekoms ook 'n onder 14 klas sal wees.
  
7. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Driegang Teinerruiter Kampioenskap -
  - 7.1 Driegang Kinderruiter 14jaar en jonger
  - 7.2 Driegang Kinderruiter 18jaar en jonger
  
8. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Vyfgang Teinerruiter Kampioenskap -
  - 8.1 Vyfgang Kinderruiter 18jaar en jonger
  
9. Senior vertoners sowel as kinders neem aan die Natuurlike Maanhaar en Stert deel en die seniors kan vir die Driegang Grootkampioenskap kwalifiseer terwyl die kinders vir die Driegang Tienerryperd Kampioenskap kan kwalifiseer.
  
10. Plasings in die Kindersiertuig kwalifiseer vir die Siertuigkampioenskap.
  
11. Op Streekskoue, wanneer daar min perde is, kan die Sameroeper aanpassings maak soos onder "OPSTEL VAN PROGRAM – Bladsy 64"

## PLASINGS

1. In klasse met vyf perde en minder word tot drie plasings gemaak.
2. In klasse met ses perde en meer word vier plasings gemaak.
3. In die Grootkampioenskappe word vier plasings gemaak indien daar ses tot agt perde is, en vyf plasings indien daar nege of meer perde is.
4. Alle plasings in klasse kwalifiseer vir die betrokke Kampioenskappe of Grootkampioenskappe.
5. Alle plasings het waardes met betrekking tot kompetisies soos die Perd van die Jaar en die Streekskompetisie wat op die Namibiese Kampioenskap gehou word.